

Die vrees van die Grieke vir die Meester

88

Nou rig almal hul oë op die natuurlike son, wat reeds sy halwe skyf agter die berge laat sak het. Op die oomblik toe die son ondergaan, verhef die skynson homself en straal met 'n ewe helder lig oor hierdie omgewing en ook nog oor die volgende, aangrensende landerye en streke. Natuurlik reik so 'n lig nie tot aan die sterre nie, daarom kan enige van die aanwesige gaste, veral in 'n oostelike rigting, waar die uitspansel ietwat donker bly omdat die lig van die skynson slegs swak tot aan die verre, oostelike streke kan deurdring, 'n aantal sterre van die eerste grootte sien en hulle verwonder hulle baie daaroor.

[2] Nou kom ook **Ouran** met sy dogter Helena in diepe eerbied na My toe en sê uit pure eerbied met 'n ietwat stotterende stem: "As alles hier om my heen geen bedrog is nie en ek self ook geen drogbeeld is nie, dan is U die God van die gode, van die geeste en van alle mense, alle diere, alle lande, alle seë, alle mere, alle riviëre, spruite en fonteine, en alles wat daarin is en leef! Ook die winde, die blitse en die verskriklik rollende donder skyn U onderdanig te wees; ook son, maan en sterre luister na U wil.

[3] Maar as U, hoewel uiterlik 'n mens soos ek, tot dit alles, slegs deur U woord en U almagtige wil, in staat is, dan vra ek tog aan alle wyses ter wêreld wat U nog makeer om die eerste en volmaakte God van die gode te wees!?

[4] Ek, Ouran, 'n klein vors uit die streek van die groot Pontus, erken U as sodanig. En selfs as Zeus en Apollo nou hierheen sou kom en 'n belaglike 'nee' sou laat hoor, sou ek hulle persoonlik van erge domheid beskuldig!

[5] Geliefde dogter Helena, kom nou naderby en aanskou die God van die gode - aanskou wat 'n sterflike oog vroeër nog nooit gesien het nie!

[6] Kyk, by ons Grieke en ook by ander volke is 'n gewyde tempel gebou vir 'n hoogste, onbekende god. Hierdie tempel word egter nooit geopen nie! Mens noem hierdie onbekende god by tye ook die ondeurgrondelike noodlot, waarvoor selfs die groot Zeus volgens ons leer beef soos 'n populierblaar in die storm.

[7] En kyk, hierdie skrikwekkende God staan nou voor ons en gebied so-ewe vir Apollo om met die sonwa stil te hou, op die wens van hierdie eerbiedwaardige, gryse Romein, wat waarskynlik ook so 'n klein vors van die een of ander gelukkige provinsie is!

(volgende gedeelte uitgelaat)

'n Egte heiden

89

Na hierdie, volgens heidense norme, verstandige tweegesprek, swyg beide Ouran en Helena, en wag tot Helena genoeg moed bymekaar geskraap het om Mathael volgens plan te vra om 'n voorspraak te wees by My. Maar hoe langer hulle

wag, hoe meer besware steek in hul harte kop uit en hul moed word daardeur eerder verswak as versterk. Beide is wel onder die indruk van die heerlike aand, maar nie sonder enige vrees nie, want die ietwat fantastiese lig van die skynson, die vreemde, nogal woeste plek, die buitengewone gebeurtenisse en My teenwoordigheid, maak dat beide se harte nie die rus oor hulle voel kom waarby hulle heeltemal op hul gemak die awendrus kan geniet nie.

[2] Toe **Mathael** dit opmerk, gaan staan hy by Ouran en sê: "Vriend, jy is nie opgewek nie, en jou mooie dogter sien daar ietwat lydend uit! Vertel my eers of julle iets makeer!"

[3] **Ouran** sê daarop baie saggies vir Helena: "Hy het ons al deurgekyk! Nou moet ons wys, goed, waar en paslik reageer, anders gaan ons sonder meer op 'n verskriklike manier na die plek wat Cerberus bewaak en waar die onverbiddelike Pluto heers! Praat min en stadig, oordink elke woord goed, anders is dit gedaan met ons!"

[4] Nou tik **Mathael** die baie vreesagtig geworde Ouran op die skouer en sê: "Vriend, waarom sê jy niks nie? Voorheen was jy tog nie te bang om met my te praat nie!? Wat het daar nou skielik in jou gevaar?"

[5] **Ouran** beef en sê na etlike oomblikke: "Ah - ah - ahahah - dit raak beter! Eerlik gesê, is daar niks met my aan die gang nie, maar ek en hierdie dogter van my besef nou eers dat ons as sterflike nikswerds by u onsterflike gode gekom het, en kennelik op die egte Olympus, die vernaamste woonplek van die ewige, onsterflike gode!

[6] Die omstandighede is hier te onmenslik wonderbaarlik! Die té groot gewydheid van hierdie plek vervul ons met angs en skrik, te meer nog omdat die hart van my dogter selfs van liefde vervul raak vir die groot God van die gode, soos wat sy sê en betreur.

[7] Volgens ons Griekse gode-wette is so 'n liefde één van die swaarste misdade teen die onbepaalde heilgheid van die gode, veral teen die onbekende, allerhoogste God van alle gode! My arme dogter kan haar nou egter nie meer teen hierdie verskriklike liefde verweer nie! Sy wil nie, en haar hart sê onverbiddelik: 'Jy moet!'

[8] Die arme, opregte kind vertrou my dit toe, en daarom het ek besluit om die groot God via u te smee om barmhartiglik die hart van my arme dogter van die liefde te bevry, want haar wil is nie die oorsaak van hierdie liefde nie, maar dit kom beslis net deur die vreemde, aan ons totaal onbekende omstandighede! Sal u, omdat u beslis ook 'n eerste halfgod is, die barmhartigheid aan ons bewys? Sal u die grote God om genesing van die siek geworde hart van my dogter vra en my tewens sê wat ek vir die barmhartigheid moet offer?"

[9] Dit maak dat ons **Mathael** vir die eerste keer sedert sy genesing welwillend en medelydend glimlag, en vervolgens sê hy aan Ouran: "Jy is 'n egte heiden en daarby ook nog een van die suiwerste water! In die halwe wêreld soek jy

waarheid en die regte lig, en toe jy dit vind, herken jy dit nie as gevolg van pure, heidense domheid nie!

[10] Ek sê vir jou dat ek baie medelye met jou het en jou kortsigtigheid uit die diepte van my hart betreur, maar ek hoop dat daar hier gou 'n einde aan jou ou dwaasheid sal kom!

[11] Kyk, wat jou dogter as liefde vir ons groot, heilige Meester in haar hart voel, is nou juis die enige, egte lewensteken van die eie, goddelike, geestelike vonkie in haar siel! As hierdie vonkie in haar bors 'n vlam word, sal sy eers volledig die absolute nietigheid van julle ou veelgodedom insien, maar ook die enig ware, ewige goddelikheid van die Een wat nou hierdie vonkie in haar origens baie reine hart aangeblaas en tot lewe gebring het.

[12] Ek sê vir jou: Die liefde is immers die enigste band waarmee God Sy skepsele na Sy Almagtige Vaderhart toe trek en hulle uiteindelik tot Sy kinders maak - en jy, ou blinde heiden, smee nou om die bevryding van hierdie hoogste, goddelike barmhartigheid, wat Elohim Self in Sy groot erbarming hier in julle harte giet om die innerlike lewe op te wek!

[13] Laat jou ou domheid vaar en word 'n mens vir wie dit moontlik kan word om die ewige lewe in homself deur die krag wat hom deur Elohim daartoe verleen is, te verwerf, homself en Elohim waaragtig te herken en daardeur in te gaan in die ware, ewige geluksaligheid in!"

Ontstaan en verklaring van die Griekse gode-name

90

"Sodat jy weet waar jou gode vandaan kom, en waarom hulle op sigself glad niks voorstel nie, sê ek vir jou in die Naam van die Meester, wat hier te midde van ons is, dat dit nou slegs leë, en vir julle betekenislose name is. Hier dui hulle egter op kenmerkende eienskappe van die Een, alleen ware Elohim, wie se Gees tans in al Sy rykdom heers in hierdie Meester wat nou voor julle staan.

[2] 'Ceus' is die aanduiding wat, ten tye van die aartsvaders, altyd vir 'n gegewe wet gebruik was wat afkomstig was van die Gees van Elohim wat in die harte van die vaders binnegestroom het en beteken soveel soos: 'Die Vader wil dit!' Want met 'Ce', ook wel 'Ze', dui mens die begrip aan van die vaste, onwrikbare wil, en met 'us', of liever 'uoz' of 'ouza', die begrip van die altyd skeppende en alles regerende Vader in die hemel.

[3] 'Jupiter', of liever 'Je u pitar' is ook so 'n begrip, waarmee die ou vadere vir die nageslag 'n ooreenkomstige houer uitgebeeld het ter opname van die liefde en die wysheid van Elohim. Want 'Je u pitar' beteken soveel soos: die 'u', die teken wat die lyn skets van die omtrek van 'n oop hart, is die ware lewenskelk. Want 'pit' beteken drink, 'pitas' is iemand wat drink, en 'pitar', ook wel 'pitara', 'n gewyde houer om uit te drink, en 'pitza', ook wel 'piutza' 'n gewone drinkglas.

[4] Soos wat julle Ceus of Jeupitar maar net 'n naam sonder betekenis vir julle is omdat julle geen kennis het van die oorspronklike betekenis van hierdie benaming nie, ewe-so en dikwels eintlik nog

niksseggender en sodoende nog meer betekenisloos, is die leë name van al julle ander gode en godinne.

[5] Byvoorbeeld julle Venus of Aphrodite, wat by julle 'n godin van die vroulike skoonheid is, dui volgens die baie betekenisvolle begrippe van die ou vadere wel op 'n baie mooi vrouepersoon, maar dit was bepaald nie in haar geestelike voordeel nie. Want die ervaring het ook die oudstes al geleer dat, op enkele uitsonderinge na, 'n baie mooi vrou meestal dom is en wat kennis betref nie baie besit het nie, omdat sy ydel is en altyd besig is met die bewondering van haar eie skoonheid en daarom weinig tyd vind om ander nuttige kennis te verwerf. Daarom het die ou vaders so 'n vroulike skoonheid 'n egte 'Venuz' genoem, ook wel 'Ve-niz', wat so ongeveer beteken: 'Sy weet niks!' of 'Sy ken niks!'

[6] Die uitdrukking 'A-v-rodite' betekende byna dieselfde. As êrens 'O-v-rodite' staan, dan beteken dit soveel soos: die reine, goddelike wysheid baar, en 'slou rodit': die menslike wysheid baar. A-v-rodit beteken egter: die aardse domheid baar en 'Avrodite' beteken dan so iets soos 'n mooi, opgesmukte vrou, wat altyd domhede baar, omdat sy meestal self dom is.

[7] 'V' was by die oudstes altyd die teken vir 'n vat. As daar nou 'n gewyde 'O' voor die 'V' staan, waarby hierdie 'O' die omtrek van die son en ooreenkomstig dan ook Elohim in Sy oerlig voorstel, dan beteken die 'V' die opname van die lig van die wysheid. Staan daar egter 'n 'A', waarmee die oudstes alles wat geheel en al aards was aangee, voor die 'V', dan beteken hierdie vatteken die opname van die nuttelose, aardse domheid. 'Rodit' beteken egter: baar, en 'A-v-rodit' beteken dus niks anders as: Die domheid baar.

[8] Sê my eers of die eintlike wese van jou gode nie nou vir jou langsaamhand begin duidelik word nie?!"

[9] Die gesigte van Ouran en Helena begin baie opklaar en Helena het nou geen angs meer in haar liefde vir My nie.

[10] Toe sê **Ouran** vir Mathael: "Vriend! Jou wysheid is groot! Want wat jy nou met so min woorde by my teweeggebring het, sou aan alle skole van Egipte, Griekeland en Persië in geen honderd jaar geslaag het nie! Jy het nou met één veeg alle gode van Egipte, Griekeland en Persië uitgewis, behalwe die een, onbekende God, wat ek egter, soos dit vir my nou steeds duideliker word, hier gevind het en hopelik nog altyd meer en meer sal vind. Kortom, jy is vir my nou 'n man wat met geen goud te betaal is nie! Voorlopig dank ek jou as mens en vriend uit my hele hart - al die ander sal nog volg." - Ook Helena dank Mathael vir hierdie wyse les.[]